Sentrum vir
GRONDWETLIKE
REGTE

OP DIE SPOOR VAN KERNVERKRYGING
Deur me Phephelaphi Dube: Direkteur, Sentrum vir Grondwetlike Regte

Indien nuusberigte geglo kan word, stoom die nuut aangestelde Minister van Energie - vars uit sy nie-sonder-omstrendheid-tydjie as Minister van Intelligensie - voort met kernplanne. Dit, ten spyte van die Minister van Finansies wat onlangs verklaar het dat kernenergie nie bekostigbaar is of onmiddellik nodig is nie. Uit dieselfde teks as die Minister van Energie, het President Zuma gister tydens die OR Tambo-gedenklesing gesê dat planne om die strewe na kernkrag in die wiele te ry, deel is van 'n Westerse komplot om Suid-Afrika te beheer", skynbaar as 'n bevestiging van die Minister van Energie se planne.

Nuusberigte suggereer voorts dat die Minister van Energie van plan is om Suid-Afrika se hersiene Geïntegreerde Hulpbronplan so vroeg as 14 November 2017 te finaliseer. As dit die geval is, dien die Wes-Kaapse Hoë Hof se uitspraak in April (waarin Earthlife Africa Johannesburg en die Southern African Faith Communities se Omgewingsinstituut die regering se besluite ten opsigte van die verkryging van kernkrag suksesvol uitgedaag het) as agtergrond waarteen die nasie se verkryging van kernkrag moet plaasvind. Uiteindelik rus die besluite betreffende Suid-Afrika se energiebeleid by die Uitvoerende Gesag, met die Hof se mag beperk tot die hersiening van sodanige besluite.

Artikel 34 van die *Electricity Regulation Act* vereis dat voordat enige verkrygingsproses 'n aanvang neem, daar van beide die Minister van Energie en die Nasionale Energiereguleerder van Suid-Afrika (NERSA) vereis word om, in ooreenstemming met "prosedureel regverdige openbare deelnameprosesse", moes vasgestel het dat nuwe opwekkingskapasiteit noodsaaklik is en dat dit van kernkrag opgewek moet word.

Dit beteken dat daar openbare deelname moet plaasvind deur openbare insette, om beide belangstellende en betrokke partye in staat te stel om hul menings te lug en tersaaklike feite en bewyse aan NERSA voor te lê. Dit moet gebeur voor NERSA se besluit oor of hy met die Minister se voorgestelde bepaling moet saamstem. In die gees van openbare belang, is NERSA verplig om menings van die publiek te oorweeg met of spesiale kundigheid, of 'n spesiale belang betreffende die toepaslikheid van addisionele opwekkingskapasiteit deur kernkrag.

Daar moet egter op gewys word dat die Minister van Energie, as lid van die uitvoerende gesag van die regering, 'n wye diskresie geniet oor hoe hy sy magte wil uitvoer. Soos die Wes-Kaapse Hoë Hof egter duidelik gemaak het, moet enige sodanige mag rasioneel uitgevoer word.

In die woorde van die Hof:

> "*The conclusion that the process must also be rational in that it must be rationally related to the achievement of the purpose for which the power is conferred, is inescapable and an inevitable consequence of the understanding that rationality*

> *review is an evaluation of the relationship between means and ends. The means for achieving the purpose for which the power was conferred must include everything that is done to achieve the purpose. Not only the decision employed to achieve the purpose, but also everything done in the process of taking that decision, constitutes means towards the attainment of the purpose for which the power was conferred*".

Eenvoudig gestel beteken dit dat die besluit om kernkrag na te streef moet toon dat die Minister van Energie al die tersaaklike feite oorweeg het, met inbegrip van die van belangstellende groepe met kundigheid, en dat die besluit wat daarna geneem is, die beste belange van die nasie weerspieël.

Daarna vereis die Grondwet dat staatsorgane, wanneer hulle vir goedere en dienste kontrakteer, die beginsels van regverdigheid, billikheid, mededinging, deursigtigheid en koste-doeltreffendheid in gedagte moet hou. Dit beteken dat die instellings, beide in die buiteland en plaaslik, wat Suid-Afrika se kernkrag wil voorsien, moet bereid wees om aan streng openbare ondersoek onderwerp te word.

Dit wil blyk of die onsekerheid betreffende beleid, wat geskep is deur die verskillende standpunte van die Ministers van Finansies en Energie, werklik die minste van die bekommernisse is wat die toekoms van kragopwekking betref.

Uiteindelik beloop die koste van die kernenergieplan glo R1 triljoen, 'n bedrag wat, soos die Minister van Finansies aanvoer, Suid-Afrika nie kan bekostig nie. Dit kan aangevoer word dat indien NERSA instem tot die Minister van Energie se planne, die koste van die kernprogram ander maatskaplike programme op die gebied van onderwys, maatskaplike bystand, gesondheidsdienste en behuising negatief sal raak. Dit, te same met kommer oor die omgewing. Dit wil voorkom of die voorgestelde kernplan nie een is wat Suid-Afrika kan bekostig nie …